

4 Junie

**Skrifgedeelte: Esegïel 45-46**  
**Fokusgedeelte: Esegïel 45:7-8**

### **Die lewe in die nuwe toekoms**

In die uiteensetting van hoe die grond rondom die tempel verdeel moet word, kom 'n aantal belangrike beginsels na vore. Vir die priesters en Leviëte word spesiale voorsiening gemaak. Hulle moes voltyds in God se diens staan en daar moes dus voorsiening gemaak word vir hulle daaglikse lewensonderhoud. Hulle het voltyds in God se diens gestaan en die volk het die verantwoordelikheid vir hulle versorging gehad. In ons tyd geld hierdie beginsel vir predikante wat voltyds in die diens van die Here is. Die kerke het die verantwoordelikheid om hulle goed te versorg. Maak ons kerklike bydraes behoorlik voorsiening hiervoor? Dit is ook merkwaardig dat grond vir die regeerder aangewys word en dat hy daartoe beperk word. Hy kry wel 'n groot gedeelte – so groot soos die gebied van een van die stamme. In die geskiedenis van God se volk het dit te veel gebeur dat die konings hulleself verryk het ten koste van die volk. So is die volk telkens uitgebuit. Die feit dat die leiers slegte herders was, was selfs een van die redes vir die ballingskap. Almal wat 'n leiersposisie beklee, moet goed hierna luister. Jy beklee nie so 'n posisie ter wille van jouself nie, maar ter wille van hulle wie se leier jy is. Wanneer korrupsie en verdrukking aan die orde van die dag is, kan 'n samelewing nie behoorlik funksioneer nie en stort alles in duie. Ons het elkeen die verantwoordelikheid om aan 'n ordelike samelewing te bou, onder andere deur aan die owerheid die nodige eerbied te gee.

*Sing: Psalm 16:3*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*